higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T100**(A)**(A14)T

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# BOUADMINISTRASIE N5

(4090045)

**14 Augustus 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Maak seker dat die sketse groot, netjies en volledig benoem is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Vry sleepwerk word onder die item, 'Karweiwerk', by die hoeveelheidslys ingesluit.

1.2 Ongeroerde grond swel uit sodra dit beweeg word.

1.3 'n Kontrakteur moet 'n variasieopdrag, wat deur die argitek uitgereik word, by die kliënt verifieer voordat hy begin werk.

1.4 'n Kontrakteur of argitek kan 'n terreinvergadering belê.

1.5 Los materiaal mag nie sonder die argitek se toestemming van die terrein verwyder word nie.

1.6 Die prysing vir enige variasies van soortgelyke werke, wat in die hoeveelheidslys voorkom, word uit die hoeveelheidslys verwyder.

1.7 As die kliënt 'n gedeelte van die gebou okkupeer voordat die patent oorhandig is, is die kliënt se aanspreeklikheid steeds geldig.

1.8 Die hoofkontrakteur is nie aanspreeklik vir defekte wat deur subkontrakteurs veroorsaak is nie.

1.9 'n Loopkraan is die geskikste vir oorlaaide terreine.

1.10 Die sertifikaat vir tussentydse betalings word deur die kliënt uitgereik.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 2**

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Enige afwyking van die oorspronklike tekeninge of spesifikasie word 'n ... genoem.

2.2 Om te bepaal of die afwyking binne die kliënt se begroting val, word 'n ... deur die bourekenaar opgestel.

2.3 Afwykings waarvoor dit moeilik is om die prys te bepaal, word as ... bereken.

2.4 Items wat nie ten tyde van die voorbereiding van die hoeveelheidslys gemeet kan word nie, word as ... aangedui.

2.5 Indien die afwykings meer as die tenderprys verhoog, word dit ... genoem.

2.6 Die amptenaar van die plaaslike owerheid wat verseker dat die bouregulasies nagekom word, staan as die ... bekend.

2.7 'n Klousule betreffende die ... word by groot kontrakte ingevoeg om die kontrakteur in die loop van die termyn teen die uitwerking van prysstygings in arbeid of materiaal te beskerm.

2.8 Die ... verteenwoordig die werkgewer op die bouterrein en rapporteer direk aan hom of haar.

2.9 Party kliënte dring daarop aan dat die kontrakteur 'n ... teken om te verhoed dat hy of sy dros sonder om die werk af te handel.

2.10 Die ... stel die genomineerde verskaffer aan.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 3**

3.1 Noem VYF verskillende kategorieë van grondwerk. (5)

3.2 Gee VYF voordele van meganisering. (5)
**[10]**

**VRAAG 4**

4.1 Differensieer tussen die terme *bykomende koste* ('extra over') en *ekstra uitgawes gevind* ('extras found') in die hoeveelheidslys. (2)

4.2 Wat is die doel van spesifikasies in 'n kontrak? (4)
**[6]**

**VRAAG 5**


Reproduseer die massasleepdiagram hier onder ruweg in jou ANTWOORDBOEK en toon elkeen van die volgende:

5.1 Deurgraaf ('Cut')

5.2 Opvul

5.3 Balanslyn

5.4 Gemiddelde sleepafstand



(4 × 1) **[4]**

**VRAAG 6**

6.1 Wat is die doelwitte van beplanning? (5)

6.2 Noem SEWE administrasie- of bestuursprosesse. (7)

6.3 Watter faktore moet in aanmerking geneem word wanneer daar gedelegeer word? (5)
**[17]**

**VRAAG 7**

Die langsdeursnee van die grondprofiel van 'n pad word hier onder getoon.

Bepaal die volume met behulp van Simpson se reël as die breedte van die pad 10 m is.

| **AFSTAND (m)** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **DIEPTE (m)** | 2 | 4 | 5 | 7 | 9 | 5 | 3 | 2 | 0 |

**[8]**

**VRAAG 8**

8.1 Definieer elkeen van die volgende terme:

8.1.1 Voltooiingslys

8.1.2 Voorlopige voltooiingslys

8.1.3 Defektelys

8.1.4 Tydperk vir patentdefekte-aanspreeklikheid

8.1.5 Defekte-aanspreeklikheid

(5 × 2) (10)

8.2 Watter faktore moet in aanmerking geneem word voordat 'n oorlaaide terrein betree word om met 'n taak te begin? (4)


8.3 Wat is die dokumente van 'n kontrak in konstruksie? (6)
**[20]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 9

Bestudeer die program-en-vorderingsdiagram hier onder wat vir 'n konstruksieprojek gebruik word. Beantwoord die vrae met behulp van die gegewe sleutel.

**PROGRAM-EN-VORDERINGSDIAGRAM**



9.1 Hoe lank het die projek geduur? (1)

9.2 Watter werksaamheid is eerste uitgestel? (1)

9.3 Watter werksaamhede is vir die laaste week geskeduleer? (2)

9.4 Watter ander werksaamhede is vanweë die baksteenwerk uitgestel? (2)

9.5 Watter werksaamheid is vroeër voltooi as wat geskeduleer is? (1)

9.6 Hoe lank is die vassit van die deur en vensters uitgestel? (1)

9.7 Hoeveel weke het dit altesame geduur om die bekisting en die gieting van die beton uit te voer? (1)

9.8 Watter ambagsmanne was eerste op die terrein? (1)

9.9 Is die projek betyds afgehandel? (1)

9.10 Gee VIER moontlike redes dat jy dink die baksteenwerk uitgestel is. (4)
**[15]**

**TOTAAL: 100**